# KERK by ‘n KRUISPAD Week 7

## Inleiding

Hoekom dink julle is mense **bang** vir die oordeelsdag?

## Skriflesing:

**Lees Openbaring 14:6-7:** Die boek Openbaring handel grootliks oor God se oordeel wat oppad is. En Johannes wou dit baie sterk beklemtoon dat God die bose en sonde finaal gaan verslaan.

Wat tref jou in hierdie verse oor **hierdie oordeel boodskap**?

*(‘n goeie boodskap... vir ewig van krag*
*Vrees/respek vir God...*
*Aanbid/dien God...)*

Die heel belangrikste kruispad waarop ‘n mens ooit by kan kom is die vraag: **Is jy gereed vir die oordeelsdag?** Of in ander woorde: **As die Here vandag weer kom, is jy gereed?**

**Wat dink julle het ‘n mens nodig om gereed te wees? Of hoe kan ons seker wees?**

Gee vir elkeen in die groep ‘n kans om te sê wat hulle dink.

**God se Woord is ons grootste bron vir ons sekerheid** en die Bybel sê op verskillende plekke dat ons seker kan wees van ons redding en dus gereed kan wees vir die dag van oordeel.

**Wat wil die volgende teksverse** (alles van Johannes af) **sê oor wat gaan vir ons sekerheid gee?** *(Maak tyd om elke vers deeglik te lees en daaroor te gesels, probeer om duidelik uit te kom by ‘n antwoord op die vraag hierbo...)*

- Openbaring 14:12
- Openbaring 11:15-18
- Openbaring 12:10-11
- Openbaring 13:10
- Johannes 1:12
- Johannes 3:16-18
- Johannes 10:27-29
- 1 Johannes 1:6-9
- 1 Johannes 4:4

- 1 Johannes 4:17-19

- 1 Johannes 5:13

***Dit is ongelooflik belangrik dat daar geen onduidelikheid moet wees by enige een in die groep hieroor nie. Ons kan sekerheid hê van ons redding.***

> ***Dit beteken dat ons nie bang hoef te wees vir die oordeelsdag nie. Ons hoef nie bang te wees vir Jesus se wederkoms nie. Ons moet eintlik eerlik en vrymoedig kan sê dat die Here vandag maar kan kom, ek is gereed.***

**Maar ons moet baie duidelik besef dat sonde hierdie verhouding met God kan vernietig en ons sekerheid kan steel – *lees weer 1 Joh 1:6-9 hieroor.***

> Watter beloftes kry ons hier oor ons sonde? (Gewoonlik die hoofrede waarom ons bang is vir die oordeel, omdat daar sonde in ons lewens is...)

**NB: Aan die einde van die Bybelstudie moet elkeen in die groep 'n kans kry om te kan sê waar lê ons sekerheid.** Dit sal help as elkeen een van die teksverse (of gedeeltes van 'n teksvers) kan vat en memoriseer vir volgende week.

*(Beste selleier: Niks is belangriker as dat jou selmense sekerheid moet hê oor hulle redding nie, so moenie te haastig hieroor gaan nie, Gee genoeg tyd vir gesprek hieroor.*
***Maar onthou:** Ek en jy kan nie mense oortuig nie – dit is God se werk, ons moet getuig en praat en die bewyse neersit en dan bid dat die Here mense in hulle harte sal oortuig hiervan en vir hulle sekerheid gee.)*

**Bid vir 3 sake**

1. **Dank God dat ons sekerheid van ons redding kan hê, maar bid en vra ook dat God 'n dieper oortuiging daarvan in ons harte sal kom neersit.**

2. Vir mense op my pad wat nog nie glo nie of sukkel om te bly glo.

3. **Bid vir:**
    - Corne en Angela en familie met haar afsterwe,
    - Janneman en Christelle Human met sy pa se afsterwe,
    - Vanessa Crots (rug-operasie in Mei),
    - Soveel verhoudings wat nie reg is nie,
    - Viviene wat in volgende week gaan kraam
    - Sumien en Johan wat later in die maand ook gaan kraam

**Ekstra: Verklarings van beelde en simbole (**vir sellede wat meer wil weet**)**

Daar is geweldig baie simbole en beelde in die boek Openbaring, maar dalk is net vir hierdie bybelstudie die getal 666 belangrik

**Die getal 666** word in Openbaring gegee as die getal van die dier en in ons tyd geassosieer met die duiwel, satan etc. **Lees Openbaring 13:16-18. Lees ook Deuteronomium 6:6-9**

Watter opdrag kry die Israliete oor God se wet/woord/opdragte?

Wat dink julle is die **simboliese betekenis om iets vas te bind op jou kop en op jou hande**?

*(Clue: Wat doen ons met ons koppe en met ons hande = alles wat ons dink en doen...)*

- **MAW** – Die merk van die dier op jou voorkop en hande is simbolies om te sê dat wat in jou gedagtes is en wat jy doen, wys baie duidelik of jy die Here dien of nie.

- **God se volmaakte getal is 777 –** verwys na voltooide skepping (in 7 dae) en dit was baie goed (Gen 1:31).

- **MAW –** die getal 666 dui op onvolmaaktheid, net nie so goed soos wat God kan bied nie, daar gaan altyd iets kort wees, gaan nooit volledig bevredig nie, God se plan is beter...